

GEMEENTE.

LES 10

1	GEBED
----------	-------

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute) <i>[STILTETYE]</i> 2 KORINTIËRS 1 - 3
----------	---

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (2 Korintiërs 1 - 3). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute) <i>[SLEUTELVERSE IN JOHANNES]</i> (4) Johannes 3:16
----------	--

Repeteer twee-twee:

(4) Johannes 3:16. God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.

4	BYBELSTUDIE (85 minute) <i>[EVANGELIE VAN JOHANNES]</i> JOHANNES 3:1-36
----------	--

Inleiding. Johannes 3:1-21 beskryf hoe Jesus Christus Homself aan Nikodemus openbaar. Johannes 3:22-36 beskryf hoe Johannes die Doper hom begin terugtrek.

STAP 1. LEES.	GOD SE WOORD
<i>Lees.</i> Ons gaan Johannes 3:1-36 saam bestudeer. Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.	

STAP 2. ONTDEK.	WAARNEMINGS
Oorweeg. WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK? OF: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART? Skryf neer. Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daarvoor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudienotaboek. Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het. Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.	

3:16

Ontdekking 1. God se verlossing deur geloof.

Johannes 3:16 sê: “God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.”

(1) God het ewig lief.

Die werkwoord in *die aoristus tyd* dui op 'n *eenmalige daad van God wat teruggaan in die ewigheid en uitstrek tot die ewigheid!* God se liefde is die één sentrale feit en die één groot werklikheid in die Bybel. Dit dui daarop dat God se liefde teruggaan tot in die ewigheid in, d.w.s. vóórdat ‘die tyd’ geskep is (by die skepping van die heelal). Die liefde waarmee God ons uitgekies het voor die skepping van die wêreld, vind sy hoogste uitdrukking in die menswording van Jesus Christus en word in die hede in die verlore lewens van gelowiges sigbaar.

(2) God het die wêreld lief gehad.

Die woord ‘die wêreld’ het verskillende betekenisse in die Johannes Evangelie (vergeelyk Johannes 1:10, vyfde betekenis). Hier in Johannes 3:16 beteken die woord die wêreld van verlore mense, sonder onderskeid t.o.v. ras, taal of nasionaliteit, dus mense uit elke stam, nasie of taal op aarde. Die klem val op mense as 'n groep en impliseer nie dat daar verwys word na elke afsonderlike individu op aarde nie. Die wêreld word hier nie gesien as die wêreld van die kwaad wat openlik vyandig is teen God, Christus en Christene, soos in Johannes 15:18 nie. God het nie die kwaad lief

nie en het daarom ook die wêreld van die kwaad wat God, Christus en die Christene haat, nie lief nie (vergeelyk Psalm 5:4-6; 11:5; Romeine 1:18). God het die wêreld van verlore mense lief, ongeag ras of nasionaliteit.

(3) God se liefde is God se kosbaarste geskenk.

God het sy Enigste Seun gegee. *Dit is nie 'n uitdrukking van fisiese seunskap, geestelike seunskap of simboliese seunskap nie, maar van sy metafisiese, ontologiese, ewige en trinitariese Seunskap* (vergeelyk handleiding 2, supplement 8, "Die aard van God en die Seun van God")! Dit druk uit dat Christus van alle ewigheid af (Johannes 1:14,18) vóór die skepping van die heelal (materie met haar swaartekrag, energie met haar lig, ruimte wat 'n mens kan meet en tyd wat alleen in één rigting beweeg) die Seun van God is. God het die kosbaarste wat Hy kon gee, gegee - Homself! Hy het die lewe van sy Seun gegee as soenoffer vir die sondes.

(4) Nét gelowiges kry die ewige lewe.

Jesus praat hier oor alle mense wat Hom met blywende vertroue aanneem. Die werkwoord 'glo' staan in *die onvoltooide teenwoordige tyd* en verwys dus nie na mense wat eenmaal 'n keuse vir Jesus Christus gemaak het, maar daarna opgehou het en teruggeval het nie. Só 'n geloof is net 'n verstandelike en emosionele geloof, 'n tydelike, historiese geloof, maar *nie* 'n saligmakende geloof nie! 'n Egte geloof volhard elke dag in 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus tot aan die einde. Hoewel die evangelie aan elke stam, nasie, taal en volk in die wêreld verkondig word, gaan nie elkeen in die wêreld in Jesus Christus glo nie. Wie egter wel in Jesus Christus bly glo, ongeag of hy 'n Jood of heiden was, het die ewige lewe.

(5) Die wese van die ewige lewe.

Die ewige lewe bestaan daaruit om Jesus Christus persoonlik te ken en met Hom om te gaan (Johannes 17:3) van die oomblik af dat jy glo. Dit is 'n nuwe lewe wat die volgende insluit: sekerheid van verlossing (Johannes 10:28), liefde vir God, en vrede, vreugde en liefde in jou hart. Dit gee doel en sin aan die lewe! Dit is wonderlik, boeiend, vol betekenis en eindig nooit! Dit is om vir altyd saam met Christus te lewe op die nuwe aarde en nuwe hemel in die tyd van verheerliking wat kom na die wederkoms van Christus.

3:17-18

Ontdekking 2. God se oordeel vir ongeloof.

(1) Die Jode het geglo dat net hulle alleen God se uitverkore volk was.

Hulle het gereken dat die Messias wat kom alle heidense volke sou veroordeel, omdat hulle Israel verdruk het. Hulle het geglo dat God Israel nie sou veroordeel nie, omdat Israel God se uitverkore volk was. En tog waarsku die profeet Amos dat die Jode ook op die laaste oordeelsdag geoordeel sal word (Amos 3:2)!

(2) Jesus het geleer dat God se verlossingsplan alle volke in die wêreld insluit.

Hy het gesê dat God sy Seun nie na die wêreld gestuur het om die wêreld te veroordeel nie, maar om die wêreld deur Jesus Christus te verlos (Johannes 3:17). Ook hier beteken die woord 'wêreld' die groep verlore mense in elke ras, volk en taal. God se plan was om mense nie net van die *straf* vir die sonde, maar ook van die *mag*, *skuld* en *skande* van die sonde te verlos, ja van die *sonde* self en die ewige lewe te gee.

(3) Jesus het geleer dat verlossing of veroordeling al in hierdie lewe op die aarde besluit word.

Die vernaamste doel vir die eerste koms van Jesus Christus was om verlossing te bring. Dit beteken egter nie dat die vernaamste doel van die wederkoms van Christus is om veroordeling (verdoemenis) te bring nie. Johannes 3:18 sê: "Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie; wie nie glo nie, is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie." Niemand hoef te wag vir die laaste oordeelsdag om sy of haar veroordeling te hoor nie. Die beslissing of jy gered is of verlore gaan, word gemaak tydens jou lewe op hierdie aarde! Op die laaste oordeelsdag sal mense wie in Jesus Christus geglo het nie veroordeel word nie (Johannes 5:24). Omdat hulle al heeltemal vergewe is, sal geen veroordeling teen hulle uitgespreek word nie!

Maar op die laaste oordeelsdag sal mense wat nie in Jesus Christus glo nie op die oordeelsdag veroordeel (verdoem) word (Johannes 5:28-29) ongeag of hulle 'n mooi lewe gelei het of baie kwaad gedoen het. Dit beteken nie dat hulle veroordeling eers op die laaste oordeelsdag bepaal word nie, maar dat dit dan in die openbaar uitgespreek word! Alle mense wie Jesus Christus verwerp het deur nie in Hom te glo nie, kan nou al weet dat hulle op die laaste oordeelsdag by die 'bokke' hoort (Matteus 25:32-33). Hulle is al veroordeel (verdoem). Johannes 3:36 sê: "Wie in die Seun glo, het die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op hom." God se misnoeë en toorn bly op hom omdat hy bly weier om die waarheid in geloof aan te neem. Na jou dood kry jy geen verdere kans meer om gered te word nie! Verlossing of veroordeling word in hierdie lewe vóór die dood bepaal!

STAP 3. VRAAG.

UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Johannes 3:1-36 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.

Skryf neer. Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen 'n beurt kry om hulle vraag te lees.

Bespreek. Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.

Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

3:3,5,7

Vraag 1. Wat beteken dit om weer gebore te word?

Aantekeninge.

Nikodemus wou weet: “Wat moet ek doen om in die koninkryk van God te kom?” “Hoe kry ek die ewige lewe?” Jesus het hom geantwoord met 'n raaisel. 'n Raaisel is 'n gesegde met 'n verborge betekenis. “As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie” (Johannes 3:3).

- (1) Wedergeboorte beteken 'opnuut' en 'van bo'
d.w.s. deur die Heilige Gees gebore te word.

Die woord 'wedergeboorte' beteken letterlik 'van bo', d.w.s. deur God in die hemel gebore te word (Johannes 3:31). Dit beteken 'opnuut' of 'van vooraf weer' (vergelyk Galasiërs 4:9) gebore te word, d.w.s. ná jou liggaamlike geboorte ook geestelik gebore te word. In Johannes 3:6 sê Jesus: “Wat uit die mens gebore is, is mens; en wat uit die Gees gebore is, is gees.” Om uit die mens (vlees) gebore te word, beteken om liggaamlik met 'n sondige natuur gebore te word. Maar om uit die Gees gebore te word, beteken om geestelik met 'n nuwe geestelike natuur gebore te word.

- (2) Die doop met water is die teken en die seël vir die doop met die Heilige Gees.

In Johannes 3:5 sê Jesus: “As iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan hy nie in die Koninkryk van God kom nie.” Oor water en Gees lees ons in Matteus 3:11: “Ek doop julle wel met water omdat julle julle bekeer het, maar Hy wat ná My kom sal julle met die Heilige Gees doop”. Dit beteken dat mense nie deur die doop met water weergebore word nie, maar deur die doop met die Gees! Mense word weergebore wanneer Jesus Christus deur die prediking en onderrig van die Woord mense transformeer (1 Petrus 1:23). Mense word nooit weergebore deur die doop met water alleen nie! Die sigbare doop met water is die sigbare teken of voorstelling en die sigbare seël of bevestiging van die werklikheid, naamlik, die doop met die onsigbare Gees. Alleen wanneer die werklikheid (die doop met die Gees) die teken/die seël (die doop met water) vergesel, het die teken/die seël waarde. Alleen wanneer die doop met water beteken dat jy met die Gees gedoop is, het die doop met water 'n blywende betekenis. Omdat ons in Johannes 3:6,8 nie meer lees oor die doop met water nie, maar alleen oor die doop met die Gees, bewys dat die groot saak waarop dit aankom juis die doop met die Gees is!

- (3) Wedergeboorte deur die Heilige Gees is absoluut noodsaaklik en 'n soewereine daad van God.

In Johannes 3:7-8 sê Jesus: “Moenie verbaas wees dat Ek vir jou gesê het: Julle moet opnuut gebore word nie. Die wind waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom en waar hy heen gaan nie. So gebeur dit met elkeen wat uit die Gees gebore is.” Soos alle Jode van daardie tyd glo Nikodemus ook dat jy deur die hou van die wet van God (uitgebrei met 365 wette wat die Fariseërs daaraan toegevoeg het) geregverdig (verlos) sou word. Nou hoor Nikodemus dat 'n mens net deur God se genade gered kan word en nie deur enige werk van mense nie! Jesus leer dat 'n mens alleen wedergebore word deur die Heilige Gees en nie deur die werke van die wet nie.

In die begin is verlossing 'n soewereine daad van God en bly die mens heeltemal passief. Niemand op aarde kan die rigting van die wind bepaal nie. Die wind handel volkome onafhanklik van die mens. Netso kan geen mens sy eie verlossing (wedergeboorte) bewerk nie. Die Heilige Gees handel volkome onafhanklik van die mens! Wedergeboorte is 'n soewereine daad van God waaroor 'n mens geen beheer het nie, net soos hy geen beheer oor die wind het nie. Nikodemus moes uit die Ou Testament kon weet dat hy verdorwe is (Genesis 6:5; Job 14:4; Psalm 51:7; Jeremia 17:9) en glad nie instaat is om homself te red nie (Jesaja 43:10-12). Hy hoef nie so verwonderd te gewees het oor die onderrig van Jesus nie.

3:3,5

Vraag 2. Wat is 'die koninkryk van God'?

Aantekeninge.

- (1) Die koninkryk van God.

Die koninkryk van God is die gebied (hart en lewe) waar God se genade oorheers en waar die koningskap (die heerskappy) van God, deur Jesus Christus, deur mense erken en gehoorsaam word. Die koninkryk (koningskap) van God word uitgedruk in die volgende:

- in die verlossing van gelowiges van die begin (die verlossing van hulle gees/siel) tot die einde (die verlossing van hulle liggaam) (Markus 10:24-27)
- in die heerskappy van God deur Christus in die harte en lewens van gelowiges (Lukas 17:20-21)
- in die samestelling en groei van gelowiges as *Gemeente/Kerk* op die aarde (Matteus 16:18-19)
- in die goeie werke (*invloed*) van gelowiges op alle terreine van die menslike samelewing (Matteus 25:34-40; Romeine 14:17) (intellektueel, liggaamlik, emosioneel, sosiaal en geestelik).
- en uiteindelik in die nuwe hemel en die nuwe aarde (Hebreërs 12:22-24; 2 Petrus 3:10-13).

(2) Die koninkryk van God ingaan deur wedergeboorte en geloof.

‘Die koninkryk van God ingaan’ beteken dieselfde as om die ewige lewe te ontvang of gered te word. ‘n Vergelyking tussen Johannes 3:3-8 en Johannes 3:16-17 leer dat ‘die soewereine daad van God in die ewigheid’ (wedergeboorte deur die Gees) ‘die daad van die mens in die tyd’ (die geloof van die mens in Jesus Christus) voorafgaan (Johannes 6:44,37; 17:6).

Maar omdat die mens dit nie kan waarneem nie, vind ‘die wedergeboorte deur God’ en ‘die geloof van die mens’ in die beleving van die mens gelyktydig plaas. ‘Uit God gebore word’ vind in die beleving van die mens gelyktydig plaas met ‘die aanneem van Jesus Christus’ of “geloof in Jesus Christus”. Johannes 1:12-13 sê: “Maar aan almal wat Hom aangeneem het, die wat *in Hom glo*, het Hy die reg (mag) gegee om kinders van God te word. Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van ’n mens of die besluit van ’n man (seksuele drif van ’n man nie) (vergelyk Romeine 8:7-8), maar hulle is uit God gebore.”

3:9-13

Vraag 3. Wat bedoel Jesus as Hy praat oor die ken van die hemelse dinge en daarvoor getuig?

Aantekeninge.

In Johannes 3:11 sê Jesus dat Hy en Johannes die Doper die hemelse dinge ken en daarvoor getuig, maar dat die Fariseërs en Nikodemus hulle getuienis nie aanneem nie. Dit kon Hy sê omdat sy allesdeurdringende kyk in hulle harte kon kyk en hulle twyfel oor die onderrig van Jesus kon sien (Johannes 2:25).

(1) Die aardse dinge.

In Johannes 3:12 sê Jesus: “Ek het julle van die *aardse dinge* vertel en julle glo dit nie, hoe sal julle glo as Ek julle van die *hemelse* vertel?” Jesus het namelik met hulle gepraat oor dinge wat hul oorsprong en aard in die hemel het, maar op die aarde plaasvind, soos die doop met water en die doop met die Gees (die wedergeboorte). Hoewel die wedergeboorte deur die Heilige Gees duidelik in die Ou Testament (Esegiël 36:25-27) geleer word, is dit deur die meerderheid van die Jode verwerp. God het gesê: “Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi sodat julle rein kan word. Ek sal julle reinig van al julle onreinheid en van al julle afgodery. Ek sal julle ’n nuwe hart en ’n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle ’n hart van vleis gee. Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom.” Wedergeboorte vind plaas in die sfeer van die menslike ervaring op die aarde. Daarom sou elkeen wat die Ou Testament gelees het en nagedink het oor sy eie onvermoë om God tevrede te stel, kan weet dat hy eers weergebore moes word!

Ander aardse dinge is die volgende: die eerste koms van die Messias (Christus) na sy volk (Jesaja 40:3; Maleagi 3:1-2), die dood en opstanding van die Kneg van die HERE (Jesaja 53) en die verkondiging van die evangelie (goeie nuus) aan die heidense volke in die wêreld (Jesaja 49:6). As Nikodemus en mense soos hy dink dat hierdie dinge onmoontlik is, hoe sou hulle dan glo as Jesus Christus met hulle oor die hemelse dinge praat?

(2) Die hemelse dinge.

Die hemelse dinge is veral God se ewige verlossingsplan wat Jesus Christus in Johannes 3:13-18 uitspreek. Net die Seun van God was altyd in die teenwoordigheid van God en ken alle besluite wat in die hemel geneem is. Daarom, lê God se plan om mense uit elke volk op die aarde te verlos en dit wel deur die kruisiging van Jesus Christus, volkome buite bereik van menslike kennis, totdat dit aan mense geopenbaar word. Nét Jesus Christus het uit die hemel neergedaal na die aarde toe en nét Jesus Christus het opgevaar na die hemel toe (Efesiërs 4:9-10)¹. Nét Jesus Christus het God se verlossingsplan geken. Nét Jesus Christus het God se verlossingsplan aan mense geopenbaar en het dit op die aarde uitgevoer (vergelyk Matteus 11:25-27)! Nét Jesus Christus het DIE BOEK in die hemel oopgemaak en voer die inhoud daarvan uit (Openbaring 5:1-5)!

3:14-15

Vraag 4. Wat bedoel Jesus as Hy sê dat Hy verhoog moet word?

Aantekeninge.

(1) Die illustrasie (tipe) in die Ou Testament en die vervulling (antitipe) in die Nuwe Testament.

Die kern van God se verlossingsplan is:

- gedeeltelik geopenbaar in die illustrasies (tipes) van die Ou Testament
- en net ten volle geopenbaar in die vervulling (antitipe) m.b.t. Jesus Christus in die Nuwe Testament!

In Numeri 21 in die Ou Testament is die illustrasie (tipe) van God se verlossingsplan van die verhoging van ’n koperslang op ’n paal in die woestyn. Die vervulling (antitipe) van God se verlossingsplan is die verhoging van Jesus Christus aan die kruis!

¹ Skyndood ervarings waarin mense beweer dat hulle in die hemel of in die hel was en dan die hemel of die hel beskrywe, is dus leuens! Jesus Christus kan wel in ’n droom of visioen aan mense verskyn. Maar alleen Jesus Christus het uit die hemel neergedaal en kan openbaar wat in die hemel gebeur (Matteüs 11:27)!

Die illustrasie en die vervulling het ooreenkomste. In beide gevalle dreig die dood as straf vir die sonde. In beide gevalle verskaf God se genade die oplossing vir die probleem. In beide gevalle moes iets of Iemand voor die oë van alle mense op 'n paal verhoog word. In beide gevalle word net hulle wat met vertroue (geloof) opkyk na die slang of na Jesus Christus gered van die dood.

(2) Soos altyd oortref die vervulling (die werklikheid) die illustrasie (die skaduwee/simbool) by verre. In die Ou Testament word net die Israëliete met die fisiese dood bedreig, maar in die Nuwe Testament word alle mense in die wêreld vanweë hulle sondes met die geestelike, fisiese en ewige dood bedreig! In die Ou Testament was die koperslang net 'n simbool en kon nie regtig die mense genees nie. Maar in die Nuwe Testament is Jesus Christus God en het Hy die mag om mense wat glo te genees en te red, of mense wat nie glo nie verlore te laat gaan!

(3) Die verhoging van Jesus aan die kruis is 'n goddelike 'moet'. Jesus het gesê dat Hy aan die kruis verhoog 'moet' word! Sy verhoging aan die kruis is nie maar één van die moontlike oplossings in die wêreld nie – dit is *die enigste moontlike oplossing vir die sonde en die ewige dood* in die wêreld! Net deur die volmaakte lewe van Jesus Christus kan God se vereiste vir volledige geregtigheid vir verlossing vervul word. Net deur die kruisiging van Jesus Christus kan God se vereiste vir volledige straf vir alle ongeregtigheid vervul word. Net aan die kruis word God se heiligheid en geregtigheid met God se liefde en barmhartigheid versoen! Net aan die kruis word 'God se toorn teen die sonde van mense' met 'God se onbeskryflike liefde vir verlore mense' versoen!

Sy 'verhoging' verwys eers na sy verhoging aan die kruis, maar is nooit geskei van sy verhoging in die opstanding en die hemelvaart en in die troonsbestyging nie (Handelinge 2:33). Hoewel Jesus Christus voor die oë van alle mense verhoog is, word nie alle mense gered nie, omdat nie alle mense glo nie.

3:19-21

Vraag 5. Waarom word bepaalde mense veroordeel (verdoem)?

Aantekeninge.

Hierdie mense word veroordeel (verdoem) omdat hulle hul harte verhard het en weier om die openbaring deur Jesus Christus te ontvang (aanvaar). Jesus Christus het God geopenbaar. Hy het God se eienskappe sigbaar gemaak vir mense (Johannes 1:3-4). Jesus Christus het die verlossing verdien deur sy absoluut volmaakte lewe op aarde en deur sy betaling van die straf vir die onheilige en onregverdige lewens van mense op die aarde. Jesus Christus het die koningskap van God op die aarde verkondig en het mense opgeroep om hulle te bekeer en te glo (Markus 1:14-15). Jesus Christus het alles wat moontlik was, gedoen, om mense te red!

Alle mense wie Jesus Christus egter verwerp en voortgaan om in die duisternis te lewe, is alreeds veroordeel (verdoem) (Johannes 3:18; 1 Johannes 3:6-9). Maar die Lig (Jesus Christus en sy geopenbaarde waarheid) verdryf die duisternis. Mense wat weier om na die Lig toe te kom, bly in die duisternis. Wie wegbly van die christelike byeenkomste en nalaat om die Bybel te lees, haat die Lig. Hy kruip weg in die duisternis omdat hy nie wil hê dat die Lig die duisternis in hom ontmasker nie. Maar alle mense wat na die Lig toe kom, bewys dat God in Christus aan die werk is in hulle! Hulle bewys die werklikheid en egtheid van hulle geloof deur die nuwe lewe wat hulle leef.

Dus, alle mense staan of val na gelang van hulle verhouding tot Jesus Christus (Johannes 1:18,36; vgl. Johannes 8:24; Lukas 2:34).

3:22-26

Vraag 6. Wat was die verband tussen die doop met water (van Johannes die Doper en die dissipels van Jesus) enersyds en die reinigingsrites (dooptes) van die Jode andersyds?

Aantekeninge.

Gedurende die eerste jaar van die openbare optrede van Jesus Christus het Johannes die Doper en Jesus parallelle bedienings van verkondiging en doop met water gehad (Johannes 4:1-2). Johannes het mense by Enon naby Salim in die provinsie van Dekapolis (aan die oorkant van die Jordaan van Samaria) gedoop (Johannes 3:23). Jesus en sy dissipels het mense waarskynlik gedoop in die vlak dele van die Jordaan, naby Jerigo in die provinsie van Judea. Jesus Self het geen mense met water gedoop nie, maar sy dissipels wél (Johannes 4:2). Dit is al 'n duidelike aanduiding dat Jesus Christus baie groter was as Johannes die Doper, omdat Hy mense met die Gees gedoop het en hulle deur sy dissipels met water laat doop het (vergelyk Matteus 28:19)! Dit het gebeur tussen Mei en Desember 27 n.C. Daarna is Johannes die Doper gearresteer (Matteus 4:12). Die Jode was bly dat hy gearresteer is, omdat hy altyd gepreek het dat mense hulle moes bekeer. Hulle vreugde was kort geknip toe hulle gehoor het dat Jesus en sy dissipels nog meer aanhangers het! Die uitdrukking "almal gaan na Hom toe" (Johannes 3:26) is figuurlik bedoel (hiperbool) ('n oordrywing).

Die Joodse priesters en Leviëte van Jerusalem het die doop van Johannes die Doper met water beskou as 'n reinigingshandeling (Johannes 1:25; Hebreërs 6:2). Ook Johannes die Doper en sy dissipels het die doop met water as 'n reinigingshandeling/reinigingsritueel beskou: "die doop van die bekering met die oog op die vergifnis van sondes" (vergelyk Multivertaling) (Markus 1:4). So het 'n twisgesprek tussen die dissipels van Johannes die Doper en 'n Jood oor die Joodse reinigingsrituele ontstaan (Johannes 3:25). Nog voor die eerste koms van Jesus Christus, as 'n nie-Jood ('n heiden) by die Judaïsme wou aansluit (om 'n proseliet te word) (Matteus 23:15), het hy 'n bad geneem (deur water

oor hom uit te gooi) (hulle het dit proseliete doop genoem.), is hy besny en het hy beloop om die wet van die Ou Testament te hou (vergelyk Hebreërs 6:2). Naas die proseliete was daar ook 'godvresende' mense, wie net aan die monoteïsme en die wet vasgehou het (Handelinge 17:4,17). Die argument van die dissipels van Johannes die Doper was dat hulle waarskynlik die doop van Johannes die Doper van groter waarde geag het as die Joodse proselietedoop of die doop deur die dissipels van Jesus. Daarom kon hulle nie begryp dat mense na Jesus toe gegaan het om met water gedoop te word nie. Hier word dus die doop van Johannes met water (Grieks: baptizó) (Johannes 3:23,26) en die doop van Jesus met water verbind of vergelyk met die Joodse reinigingsrituele (Grieks: katarismos) (Johannes 3:25).

Die doop van Johannes die Doper het die Messias, Jesus Christus, aan Israel geopenbaar (Johannes 1:31) en hulle voorberei om Jesus Christus en sy verlossingswerk te ontvang.

Die christelike doop met water hou egter verband met die eerste koms van Jesus Christus en sy volbragte verlossingswerk deur sy dood en sy opstanding. Die christelike doop is die sigbare teken en seël dat die gelowige in Jesus Christus:

- deel het aan Jesus Christus en sy verlossing (van sondes Schuld in die verlede, van sondemag en sondesmet in die hede en van die straf en teenwoordigheid van sonde in die toekoms).
- wedergebore is en nuwe lewe gekry het deur die onsigbare doop met die Heilige Gees (Handelinge 10:44-48; Titus 3:4-7)
- al sy sondes is afgewas (Handelinge 22:16), d.w.s. hy is heeltemal vergewe en geregverdig in God se oë
- lid geword het van God se verbondsvolk of gemeente (Galasiërs 3:27-29; 1 Korintiërs 12:13)

3:34

Vraag 7. Wat beteken "God gee Hom (Jesus) sy Gees sonder enige beperking"?

Aantekeninge.

Dit beteken dieselfde wanneer Paulus in Kolossense 2:9 sê: "... in Hom (Jesus Christus) is die volle wese van God beliggaam."

Die Johannes Evangelie sê dikwels dat God Jesus Christus gestuur het (Johannes 3:17,34; 5:36,38; 6:29,57; 7:29; 8:42; 9:7; 10:36; 11:42; 17:3,8,18,21,23,25; 20:21) en dat die getuigenis van Jesus Christus die woorde van God is (Hebreërs 1:1). Johannes die Doper was 'n gewone profeet (Matteus 11:13) wat die Heilige Gees (die gawe van die Gees) in 'n beperkte mate ontvang het. Maar Jesus Christus is nie 'n gewone Profeet soos alle ander profete nie (Handelinge 3:22-26), omdat Jesus Christus die Heilige Gees "sonder enige beperking", d.w.s. in al sy volheid ontvang het (Johannes 1:32; vergelyk Kolossense 2:9). Dit beteken dat Jesus Christus die sigbare beeld van die onsigbare Drie-enige God is. Jesus Christus is die Heilige Gees (2 Korintiërs 3:17-18) en die Heilige Gees is die Gees van Jesus Christus (Romeine 8:8-10; 1 Petrus 1:9-12).

3:35-36

Vraag 8. Waarom staan of val elke mens m.b.t. sy verhouding tot Jesus Christus?

Aantekeninge.

Jesus Christus hou die wye wêreld in sy hande. God die Vader het God die Seun lief en het alles in sy hande gegee (Johannes 3:35; vergelyk Johannes 13:3). God het Homself volledig in Jesus Christus geopenbaar (14:6; Matteus 11:27; Kolossense 1:15,19; 2:9). God het sy laaste en finale woord in en deur Jesus Christus gespreek (Johannes 12:49; Hebreërs 1:1; Openbaring 19:10; Openbaring 22:18-19). Geen mens wat ná Jesus Christus kom en homself 'n 'profeet' noem, is 'n profeet van die God van die Bybel nie!

- God het die gesag oor alles en almal op die aarde aan Jesus Christus oorgegee (Matteus 28:18; Efesiërs 1:20-23).
- God red mense net deur Jesus Christus (Johannes 3:16,18,36; 6:37; 14:6; 17:2; Handelinge 4:12; 1 Johannes 5:11-12).
- God sal die dooies laat opstaan deur Jesus Christus (Johannes 5:28-29)
- God sal die wêreld oordeel deur Jesus Christus (Johannes 5:22).

Daarom staan of val alle mense t.o.v. hulle verhouding tot Jesus Christus (Johannes 3:36). Die finale getuigenis van Johannes die Doper is: "Wie in die Seun glo, het die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op hom." "Glo" beteken *aanhoudend en volhardend* glo, omdat die werkwoord, in die oorspronklike Grieks, in die onvoltooide teenwoordige tyd staan. 'Ongehoorsaam wees' beteken ook *aanhoudend en volhardend* ongehoorsaam wees. God se heilige en volkome regverdige toorn (woede) teen die onheiligheid en ongeregtheid van ongelowiges bly op ongelowige mense rus. Al drie werkwoorde staan in die onvoltooide teenwoordige tyd. Dit is die einde van die getuigenis van Johannes die Doper oor Jesus Christus.

STAP 4. DOEN.

TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

Deel en skryf neer. Kom ons hou saam 'n dinkskrum en maak 'n kort lysie van moontlike toepassings uit Johannes 3:1-36.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK IN JOU LEWE MAAK? **Skryf neer.** As jy 'n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudienotaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie. (Let wel dat hoewel 'n waarheid dieselfde bly, kan daar moontlik 'n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid wees. Hier volg 'n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Johannes 3:1-36.

- 3:1. Gaan in die nag na Jesus Christus toe as jy bang is om oordag na Hom toe te gaan.
- 3:3,8. Dink na: "Is ek wel wedergebore?" Onderzoek jouself of jy wel regtig glo (2 Korintiërs 13:5).
- 3:16. Memoriseer Johannes 3:16. Dit is die evangelie in 'n neutedop.
- 3:18. Wees verseker dat jou familieleden, vriende, bure, kollegas en landgenote wat nie in Jesus Christus glo nie, reeds veroordeel (verdoem) staan! Om gered te word moet hulle ook in Jesus Christus glo.
- 3:19-21. Moenie duistere dinge doen nie, maar leef altyd in die lig. Wees volledig transparant (deursigtig).
- 3:30. Klim telkens weer van jou verhogie (waarop ander mense of jyself jou geplaas het) af en laat Jesus Christus steeds meer beteknis in jou lewe hê.
- 3:36. Weet verseker dat mense wat Jesus Christus verwerp nie die ewige lewe sal sien nie.

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Johannes 3:1-36.

Ek wil voortdurend dink aan God se liefde vir my. Ek het Johannes 3:16 uit my kop geleer: "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê". Ek wil nooit vergeet dat God my liefgehad het lank voordat ek Hom liefgehad het. Ek wil nie vergeet dat sy liefde vir my die lewe van sy Enigste Seun gekos het nie! God se liefde is selfopofferend! Ek wil nooit vergeet dat God my nou op hierdie huidige moment liefhet soos wat Hy my nog altyd liefgehad het!

Ek wil in nederigheid groei. In my lewe en daaglikse gedrag moet Jesus Christus altyd groter as ekself bly en ek steeds minder belangrik word. Dit gaan nie vir my oor alles wat ek vir Christus doen nie, maar oor wat Hy vir my gedoen het en nog doen. Daarom wil ek altyd Hóm verheerlik en my besig hou met dit waarvan Hy hou.

STAP 5. BID.

REAKSIE

MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Johannes 3:1-36.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur maar één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

5	GEBED (8 minute)	[VOORBIDDING] BID VIR ANDERE
----------	------------------	---------------------------------

As daar tyd is gaan voort met bid in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
----------	--------------------------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Johannes 3:1-36 saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit 2 Korintiërs 4 - 6. Maak gebruik van die uitgekose Bybelverses of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memorisering. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelverses: (5) Johannes 4:24. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
6. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.